
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

STAAN VAS EN AANSKOU DIE VERLOSSING VAN DIE HERE (Ex. 14:13)

Die Woord van die Here waarsku ons dat in die laaste dae sal die aanvalle op die Gelowiges in die Here Jesus Christus vererger maar dat dit ons nie behoort te oorrompel nie. Die wat begeer om reg en voorbereid te wees vir die koms van ons Here Jesus Christus, sal met volgehoue weerstand van Satan en sy demoniese magte te doen hê. Die goeie nuus is egter dat die Here ons sal versterk en ons sal beskerm en vir ons sal stry soos ons aanhou om Sy wil en Sy weë te kies. As ons aan Hom gehoorsaam is gedurende moeilike tye, sal Hy vir ons die genade, vermoë en die oorwinning gee, MAAR ONS MOET AANHOU OM VREESLOOS TE STAAN MET VOLHARDING REGDEUR DIE STRYD. Ons lees in Exodus 14:13-14 toe die Israeliete voor Farao en sy magtige Egiptiese weermag gevlug het, en by die Rooi See gekom het en nie vorentoe kon gaan nie, ook kon hulle nie terugtrek nie, en luister wat die Here, deur Moses, aan hulle gesê het in daardie skynbaar onmoontlike situasie: **(Ex. 14:13-14) Maar Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. Die HERE sal vir julle stry, en julle moet stil wees.**

Onthou altyd dat Jesus Christus alreeds die stryd vir jou gewen het op Golgota, jy is reeds oorwinnend want Christus is aan jou kant. As jy volgens God se beginsels veg SAL JY WEN in enige aanval op jou lewe.

Neem vandag 'n kwaliteit besluit. KIES LEWE. Kies om NIE BEVREES TE WEES NIE, OM STIL TE WEES EN VAS TE STAAN, en jy sal die VERLOSSING VAN DIE HERE AANSKOU! Maak nie saak wat die omstandighede is of hoe lank dit neem nie, dit kan 2 dae, 2 maande, 2 jaar ens. neem. Bereken die koste, en besef dat daar geen ander manier is nie. Dit sal die poging werd wees, omdat jy die Here se hand in jou omstandigheid sal sien; jou geliefdes sal gered word, en jy sal genees word, Hy sal die nodige finansies voorsien of vir wat ook al jy in geloof BLY STAAN.

Moenie wankel of tou opgooi nie, maar weet dat as jy ferm staan met jou oë en hart op Jesus en Sy beloftes gerig – is oorwinning op pad. En bely dit met jou mond!

Ef.6:13:Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, STAANDE kan bly.

VOLHARDING is een van die belangrikste kwaliteite in 'n gelowige se hart, maak nie saak hoe sleg die toestand of probleem in jou lewe of die lewens van hulle vir wie jy bid lyk nie, onthou altyd: GEEN PROBLEEM is te groot vir Jesus nie. Hy sal jou deurdra en jy sal die wonderlike oorwinning ervaar as jy gewillig is om vas te staan en God se Woord te vertrou.

Daar is 'n gesegde: Waar daar lewe is, is daar hoop. Dit is van toepassing op ons geestelike stryd: dit maak nie saak hoe verlore of wederstrewig jou geliefde is nie, DAAR IS HOOP IN JESUS CHRISTUS! Dit maak nie saak hoe ernstig die siekte is nie, of wat dokters gesê het nie, DAAR IS ALTYD HOOP IN JESUS CHRISTUS! Moenie opgee oor jou huwelik of geliefde nie! Moenie opgee nie, daar is nog lewe!

Dit is belangrik om ons lewens te ondersoek en seker te maak dat ons nie sonde of afgode koester nie, wat aan Satan 'n wettige reg gee om te steel, te slag en te vernietig. Is jou hart gevul met onvergifnis, self bejammering, rebellie, verwerping of bitterheid? Al hierdie dinge kan aan Satan 'n wettige vastrapplek gee om jou van God se seëninge te beroof. JY KAN NIE BEKOSTIG om so 'n sonde in jou lewe te koester nie. Het BEROU en beweeg aan met die Here!

Die Woord van die Here vertel ons dat: **As ons, ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig** (I Joh. 1:9). **Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol** (Jes. 1:18).

As Gelowiges, behoort ander die Vrug van die Heilige Gees in ons lewens gemanifesteer te sien. Die Vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. (Gal 5:22)

As 'n Christen vrou oorlogvoering vir haar ongeredde man doen en vir sy redding en verlossing bid, moet sy let op **1 Pet. 3:1: Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans ONDERDANIG WEES, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue SONDER WOORDE gewin kan word** (Lees tot vers 6).

Vroue moenie teenoor jou man kla en sanik en aanhoudend met hom argumenteer nie, want jy sal hom uiteindelik wegdryf. Bid eerder vir hom SONDER OM TE VEEL TE Sê, maar deur jou lewenswyse en voorbeeld wees die geur van Christus onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan (2Kor.2:15). Een van die grootste wapens wat 'n Gelowige het, is die van LOFPRYSING EN AANBIDDING, wat nie net bose geeste sal bind en wegdryf nie volgens Psalm 149:6-9, maar lofprysing en aanbidding sal die

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Staan vas ….)
Teenwoordigheid van die Here in die situasie bring. Die Woord sê dat die Here woon onder die lofsange van Sy kinders (Psalm 22:4).

As jy Jesus aanhoudend verhef deur Hom IN elke situasie (nie VIR elke situasie nie) te loof en aanbid sal Satan min kans hê om jou aan te val, want hy kan nie verdra dat ons die Ware God en Sy Seun Jesus aanbid nie en hy moet vlug. Onthou die storie van koning Josafat wat gaan veg het en seker gemaak het dat hy die sangers op die voorpunt geplaas het (2 Kron. 20:21). In hierdie verslag van oorlogvoering in die Bybel het die kinders van Israel oor hul magtige God, Yahweh, GESING omdat Sy goedertierenheid tot in ewigheid is. Hulle het uit die diepte van hul siele GESING, vertrouend in die God van hul verlossing en dit het verwarring in die vyand se kamp veroorsaak. DIE ISRAELIETE HET GELOOF IN HUL GOD GEHAD EN HET HOM GELOOF, EN HY HET AAN HULLE DIE OORWINNING GEGEE, SONDER DAT HULLE 'n ENKELE FISIESE WAPEN GEBRUIK HET! Te alle tye en onder enige omstandigheid, wanneer jy die Here aanbid en loof, bind jy Satan en sy demone.

Laat ons na drie interessante situasies in die Bybel kyk wat bewys dat wanneer jy jou vertroue in die Here Jesus plaas, jy die ergste aanval wat Satan kan bring sal baasraak. Markus 5:1-6: **En hulle het aan die oorkant van die see gekom in die land van die Gadareners. En toe Hy uit die skuit gaan, kom daar dadelik uit die grafte Hom tegemoet 'n man met 'n onreine gees, wat sy verblyf in die grafte gehad het. En niemand kon selfs met kettings hom bind nie; want hy was dikwels met voetboeie en kettings gebind, en die kettings is deur hom uitmekaar geruk en die voetboeie stukkend gebreek; en niemand was in staat om hom te tem nie. En altyd, nag en dag, het hy aangehou om te skreeu op die berge en in die grafte en homself met klippe stukkend te slaan. En toe hy Jesus van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer**

5:21;En toe Jesus weer in die skuit oorgevaar het na die ander kant, het 'n groot menigte by Hom vergader. En Hy was by die see. 5:22 En daar kom een van die owerstes van die sinagoge met die naam van Jaïrus; en toe hy Hom sien, val hy aan sy voete neer 5:23 en smeek Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe. 5:24 En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring. 5:35 Terwyl Hy nog spreek, kom daar mense van die owerste van die sinagoge se huis en sê: U dogter is dood. Waarom val u die Meester nog lastig? 5:25 En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het 5:26 en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het, 5:27 het van Jesus gehoor en onder die skare van agter gekom en sy kleed aangeraak; Hierdie was drie uiterste gevalle wat duiwelbesetenheid, kroniese siekte en dood ingesluit het. Ons sien dat in al drie gevalle iets WONDERLIKS gebeur het! Toe Jesus op die toneel verskyn het, het die omstandighede volkome verander.

Die besete man is verlos en bevry, die siek vrou is genees en die dogter wat dood was is opgewek!

Dit is wanneer ons van sulke gevalle lees dat ons GELOOF VERSTERK WORD! Geloof kom deur die gehoor en die gehoor kom deur die Woord van God (Rom.10:17).

Ek het baie keer mense in hospitale gesien wat aan ongeneeslike siektes gely het, maar wat televisie gekyk het en wêreldse tydskrifte gelees het – dit het my altyd verstom, omdat hulle geloof nodig gehad het sodat hulle genees kon word: GOD IS BY MAGTE EN BEGEER OM HULLE TE GENEES! Maar in plaas van tyd deur te bring deur die Bybel te lees, om hul geloof op te bou en geloof te verkry vir hul genesing, deur die bestudering van die Here se beloftes in Sy Woord, vul hulle hul gedagtes met wêreldse sienswyses, wat tot vernietiging lei.

Die Bybel sê vir ons in Spr. 4:22 aangaande God se Woord…. **Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam.**

God se Woord genees nie net, maar voorkom en immuniseer die Gelowige teen siekte. Dit hang natuurlik af van die hoeveelheid Woord wat ons lees, glo en op reageer. **Psalm 119:107: Ek is baie diep neergedruk; Here, maak my LEWEND na u Woord!** Selfs as jy nie altyd voel om te lees nie, of voel dat dit jou nie help nie of miskien verstaan jy nie alles in die Woord nie, nogtans – LEES.

God se Lewende Woord sal lewe vir jou liggaam, gees en siel wees. Die Here sal met jou praat deur Sy Woord, Hy is getrou en jy sal bemoedig word en gevul word met Sy Lewe. Laat ons Markus 5 heroorweeg, Jesus Christus is die skepper van wonderwerke! Jesus is die Skepper en Voleinder van ons geloof, omdat Hy en Hy alleen LEWE is. Alle mag in die hemel en op aarde behoort aan Hom.

Beskou die besete man van wie ons vroeër gepraat het. Alhoewel hy deur 'n legioen demone beset was, moes hulle Jesus se bevel gehoorsaam en vlug. Elke knie moet in Jesus se teenwoordigheid buig.

Jesus Christus is vandag steeds dieselfde – HY VERANDER NOOIT! Wat Hy toe gedoen het, sal Hy vandag nog doen. Jesus Christus dieselfde, gister, vandag en tot in ewigheid (Heb.13:8).

Jesus het net die wonderlike wonderwerk gedoen om die demoon besete man van Gadara te bevry, toe nog 'n skare Hom omring het en 'n belangrike man in die sinagoge na Jesus gekom het en aan Sy voete neergeval het. Hierdie man het 'n wanhopige behoefte gehad en het na Hom in nederige onderdanigheid gekom. Ek het myself dikwels in die man se posisie geplaas en besef hoe kwesbaar hy moes gewees het. Die dokters kon niks vir sy kind doen nie, sy sou sterf! In sy desperate posisie, moes hy gehoor het dat die Groot Geneser – Jesus in die land was en hy moes aan sy familie gesê het: "Kyk asseblief na my kind en probeer om haar aan die lewe te hou totdat ek terugkom. Ek gaan na Jesus van Nasaret soek en ek weet dat Hy haar sal genees."

Toe Jaïrus vir Jesus gekry het, het hy aan die Here se voete neergeval....Dit is so wonderlik om die gerusstelling te hê, dat in sekere tye wanneer niemand anders kan help nie en dit wil voorkom asof daar geen oplossing vir ons probleme is nie, ons voor Jesus se voete kan neerval. Ons kan altyd staatmaak op ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Ons moet Hom egter naarstigtelik soek en ons oë ferm gevestig hou op Sy vermoë totdat die geveg gewen is. Want die geveg is die Here s'n. Ons moet nooit skaam wees om ander van ons afhanklikheid aan die Here te vertel nie. Ons lees in Mark. 5 dat Jaïrus egter glad nie omgegee het wie hom gesien het toe hy voor Jesus se voete neergeval het nie. Hy was desperaat en het die sekerheid gehad dat die Here hom kon help en hy het dit openlik gewys deur sy nederige afhanklikheid van Jesus. Die wonderwerk wat gebeur het toe sy dogter uit die dood opgewek is was 'n direkte gevolg van sy onwankelbare geloof in Jesus. Hierdie wonderwerk het mense regdeur die eeue hoop en aanmoediging gegee. Jaïrus het openlik sy geloof in goddelike genesing bely, hy het Jesus ernstig gesmeek: "My dogtertjie lê op sterwe. Kom lê U hande op haar sodat sy gesond kan word en sy sal lewe." Jaïrus het geweet dat wanneer Jesus hande op sy dogter lê, GESONDHEID en LEWE sou volg. Jaïrus het in sy hart geglo en met sy mond bely en het ontvang

(Vervolg op Bl. 3)

(vervolg vanaf Bl. 2 - - Staan vas ….)
waarvoor hy vertrou het (Mark. 11:23).

Sy geloof het werklik die hart van Jesus geseën, wie ingestem het om na sy huis te gaan en hande op sy dogter te lê. Jesus se woorde in **Joh.10:10 was: "Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê."**

Onthou altyd as jy in 'n desperate situasie kom, soos Jaïrus, en jy handel in ooreenstemming met die Here se Woord, dit is IN GELOOF (wat eenvoudig is om Jesus met jou hele hart te VERTROU), jy ook van 'n wonderwerk verseker kan wees. Baie mense begin deur ywerig Sy Woord te glo, soos Jaïrus gedoen het, maar soos die situasie of siekte vererger of die geveg moeiliker raak, raak meeste mense moeg en gee moed op voordat hulle oorwinning in die Here het. Hulle was oppad om 'n wonderwerk van die Here te ontvang, maar het opgegee voor die manifestasie van die Here se krag plaasgevind het. Baie was op die punt om oorwinning te verkry – Jesus het die pad saam met hulle gestap soos Hy met Jaïrus gedoen het.... Kind van God, moet nooit moed verloor nie!!

Jesus het gesê dat Hy ons nooit sal begewe en nooit sal verlaat nie (Heb.13:5). Waarom dan twyfel dat Hy met jou deur enige moeilikheid is as jy na Hom roep.

Moenie dink dat daar nie hindernisse op Jaïrus se pad was nie, maar uiteindelike oorwinning! Soos Jesus en Jaïrus na die huis geloop het waar die siek sterwende kind gelê het, het 'n vroutjie wat vir twaalf jaar aan bloedvloeiing gely het deur die skare gedruk om by Jesus te kom. Jaïrus moes geloof (vertroue) en geduld beoefen terwyl Jesus 'n rukkie by die vroutjie vertoef het om met haar behoefte te deel. Stel jou voor hoe Jaïrus gevoel het terwyl die tyd verby gaan, met sy kind op die randjie van die dood. Al wat hy kon doen was om SY Oë OP JESUS TE HOU. Dikwels wanneer ons 'n wonderwerk brood nodig in ons lewens het, raak ons so selfgesentreerd dat ons net oor ons eie probleme kan dink en praat. Wanneer ander 'n wonderwerk van die Here ontvang, mag ons teleurgesteld wees en wonder waarom niks in ons situasie gebeur nie. Woorde van teleurstelling soos: "waarom word ander genees en nie ek nie?" kan aan Satan die geleentheid gee om jou van 'n wonderwerk te beroof, voordat dit kon plaasvind. Pasop dat Satan nie selfsugtige bitterheid in jou hart plaas, om te voorkom dat jy van God ontvang nie. Satan sal dikwels negatiewe, sondige gedagtes veroorsaak (die denke is die slagveld). Ons sal dinge sê soos: "God het my nie lief nie omdat Hy my nie genees het nie", of "Dit is te moeilik om 'n Christen te wees, ek gaan die handdoek in gooi ".

As jy op 'n aanraking van die Here wag moet nooit ooit sulke gedagtes toelaat of woorde om jou te beheer nie, want dit is dwaas en nie in lyn met Sy Woord nie.

Om met die storie van Jaïrus aan te gaan. Hy was skielik gekonfronteer met die mees hart verskeurende nuus dat sy dogter gesterf het!

Onthou egter wat Jesus geantwoord het!

MOENIE VREES NIE, GLO NET.

Jesus het hom bemoedig om nie op te hou glo nie, selfs in 'n situasie wat hopeloos gelyk het!!! Bly vertrou. Dit is van toepassing op ons lewens as gelowiges. Gaan ons Satan se leuens glo, of gaan ons op die Woord van die Here staan? Jaïrus het Jesus se woorde ontvang en dit geglo en nie opgegee nie. Selfs vandag word ons beveel dat geloof deur die gehoor kom en die gehoor deur die woord van God (Rom.10:17). Daarom, MEDITEER OP GOD SE WOORD, VUL JOU HART MET GOD SE BELOFTES. Want Sy Woord is LEWE aan almal wat gehoorsaam is en sal glo. Toe Jesus die kamer van Jaïrus se dogtertjie binnegegaan het, was Hy vergesel deur slegs ware gelowiges (Petrus, Jakobus, Johannes en Jaïrus). Hy het seker gemaak dat geen negatiewe, nuuskierige bystanders naby was, vers 40 vertel ons dat Hy die ander beveel het om weg te gaan. Geen spotters of skeptici was op daardie oomblik welkom nie!

Dit is belangrik om net Goddelike advies en raad te soek by mense wat weet, glo en God se Woord spreek. Jy sal die simpatieke kry wat sê: "Aanvaar dit net, dit is God se Wil." Selfs predikers sê dikwels:" Die Here toets en reinig jou deur hierdie siekte." Dit is verseker 'n manier van Satan om jou geloof aan te val, voordat ons 'n wonderwerk van die Here ervaar.

Jesus het die spottery van die roubeklaers gesien, daar was groot verwarring en gehuil by Jaïrus se huis. Die mense het vir Jesus en Jaïrus gelag en Jesus het hulle beveel om weg te gaan.

Baie keer as Christene ondervind ons dieselfde spottery van familie en geliefdes wanneer ons Jesus die Here van ons lewens maak en kies om deur geloof in God se Woord te leef en nie volgens die mens se wysheid en redenasie nie.

Mark. 5:41: **Toe gryp Jesus die hand van die kind en sê vir haar: Talíta, koemi! wat, as dit vertaal word, beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op! 5:42 En die dogtertjie het dadelik opgestaan en begin rondloop, want sy was twaalf jaar oud. En hulle was uitermate verbaas. 5:43 En Jesus het hulle met nadruk beveel dat niemand dit moes weet nie, en gesê dat daar vir haar iets te ete gegee moes word.** Jaïrus het daardie dag 'n wonderlike wonderwerk ondervind omdat hy gekies het om sy oë op Jesus (die Skepper en Voleinder van ons geloof) te hou en niks en niemand sou hom laat twyfel nie.

Ek wil graag elkeen van julle in die nuusbrief bemoedig om positief te wees en te weet dat JESUS OP HIERDIE OOMBLIK BY JOU IS WANNEER JY ENIGE SITUASIE IN DIE GESIG MOET STAAR. JESUS SAL JOU NOOIT BEGEWE OF VERLAAT NIE. Maak nie saak hoeveel teenstand jy kry nie, niks is vir die Here te moeilik nie. Begin om Jesus te loof en dank vir Sy getrouheid en ewigdurende teenwoordigheid. Hy belowe dat Hy 'n wonderwerk in jou lewe SAL verrig, as jy Hom vertrou en gehoorsaam. As ons na Ef. 6:14 blaai sê die Here vir ons: **Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan.** Gal. 6:9: **En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.** Onthou die Here verwag van ons om te volhard en deur te druk, of dit 10 min., 10 weke of 10 jaar neem terwyl ons Jesus vertrou vir 'n oorwinning in enige situasie. Sy Woord sal ALTYD VAS BLY STAAN. Op hierdie punt in jou lewe sal jy Jesus se oorwinning ervaar teen enige aanvalle van Satan, as jy volgens die Woord en maniere van die Here die stryd stry.

Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het (I Tim. 6:12). □

THE PARABLE OF THE FIG TREE

Israel's Rebirth - God's message to the world heralding the soon return of our Lord Jesus the Messiah

In the 24th chapter of Matthew, Jesus gave His disciples His message on what the signs of the "End" would be before His return to earth, and I suggest that we read this portion of Scripture with a fresh understanding and greater awareness of the urgency of the times, because daily we see His words being fulfilled before our very eyes. There is however ONE sign in particular to which Jesus drew their attention , and that SIGN is the parable of the FIG TREE!

In the Bible, the Fig Tree refers to Israel and Jesus said in Matt. 24:32-34: **Now learn a parable of the fig tree; When his branch is yet tender, and putteth forth leaves, ye know that summer *is* nigh: So likewise ye, when ye shall see all these things, know that it is near, *even* at the doors. Verily I say unto you, This generation shall not pass, till all these things be fulfilled.** Jesus said that the generation that would be alive and witness the re-birth and restoration of the land of Israel, could be certain that His coming was at hand! Israel plays a very important part in End Time events!

Israel's Rebirth is - God's message to the world

Without a doubt, the rebirth of the Jewish homeland 49 years ago, together with the ongoing massive ingathering of the world's Jews to their land, has been the most powerful message from God to humanity in the last 2000 years.

Since late last century, when they first began arriving in large numbers in the mostly barren and neglected Ottoman backwater that had once been the land of Israel, hundreds of thousands of Jews have been brought together from over 100 nations.

MUCH OF THE WORLD REJECTS as a devious lie the Jewish claim that they returned to a land of malarial swampland, desert, and almost entirely denuded of trees. As Arafat told the United Nations in 1974: "The Jewish invasion began in 1881 ……. Palestine then was a verdant area, inhabited mainly by an Arab people….."

But eye-witness accounts of hundreds of visitors to the land in the eighteenth and nineteenth centuries describe how God kept to the letter His promise that the land of Israel would waste away and remain largely empty during the Diaspora (Jewish people living in other countries).

I will scatter you among the nations and draw out a sword after you; your land shall be desolate and your cities waste. (Leviticus 26:33)

"But I scattered them with a whirlwind among all the nations which they had not known. Thus the land became desolate after them, so that no one passed through or returned; for they made the pleasant

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - The parable of the Fig Tree)

land desolate." (Zechariah 7:14)

Writing in 1835, the French poet Alphonse de Lamartine said: "Outside the gates of Jerusalem we saw indeed no living object, heard no living sound. We found the same void, the same silence as we should have found before the entombed gates of Pompeii or Herculaneum …. A complete, eternal silence reigns in the town, in the highways, in the country …. The tomb of a whole people."

In 1867, Mark Twain described the Jezreel valley as devoid of a single village, the Galilee as "unpeopled deserts", Jericho as "a mouldering ruin", Bethlehem as "untenanted by any living creature", and "renowned Jerusalem itself …. A pauper village".

"Palestine sits in ashes," he lamented. "It is a hopeless, dreary, heartbroken land." And so it was, until, about 14 years later, the Jews began to return and rebuild, as God promised: *"And I will cause, the captives of Judah and the captives of Israel to return, and will rebuild those places as at the first."* (Jeremiah 33:7)

"The desolate land shall be tilled instead of lying desolate in the sight of all who pass by. So they will say, "This land that was desolate has become like the garden of Eden; and the wasted, desolate, and ruined cities are now fortified and inhabited." (Ezekiel 36:34-35)

Today, over 100 years after the return began, the Jews continued to pour into their land. Since December 1989, one third of all the former Soviet Union's Jews – 649 097 people – have made *aliya* (the return of Jews to Israel) which means that around 12 per cent of Israel's Jewish population today has arrived in the last seven years. Over 70 000 more arrived in 1997.

Year after year, for hundreds and thousands of years, the Jews have faithfully obeyed God's command to remember the Passover. No matter where they have been, inside their promised land or in exile from it, and no matter under what conditions they have lived – in the brief interludes of peace and prosperity, or suffering the persecutions, crusades, pogroms, expulsions, inquisitions and Holocaust – the Jews have given thanks to the God who delivered them from Egypt and who brought them to their promised land.

And yet, the Bible says that this second and final ingathering of the Jews will overshadow that event:

"Therefore behold, the days are coming." Says the LORD, "that it shall no more be said, "The LORD lives who brought up the children of Israel from the land of Egypt," but, "The LORD lives who brought up the children of Israel from the land of the north and from all the lands where He had driven them." For I will bring them back into their land which I gave to their fathers." (Jeremiah 16:14-15)

Yes, in bringing physical Israel back home, God has been raising up a banner which the nations are unable to ignore, confronting the world with the reality of His eternal existence, His undiminished Sovereignty, and His unlimited might.

It shall come to pass in that day that the LORD shall set His hand again the second time to recover the remnant of His people who are left …. He will set up a banner for the nations, and will assemble the outcasts of Israel, and gather together the dispersed of Judah from the four corners of the earth. (Isaiah 11:11-12)

"And I will sanctify My great name, which has been profaned among the nations, which you have profaned in their midst, and the nations shall know that I am the LORD," said the Lord GOD, "when I am hallowed in you before their eyes…. Then the nations which are left all around you shall know that I, the LORD, have rebuilt the ruined places and planted what was desolate. I, the LORD, have spoken it, and I will do it." (Ezekiel 36:23, 36)

But among Christians, prejudices remain

A cataclysmic event, the ingathering of the Jews has shaken the dust of centuries of blindness from Christian eyes, awakening them to the fact that the nation of Israel still occupies its original, extraordinarily special place in God's purposes for mankind.

Nonetheless, ingrained anti-Semitism continues to colour the lenses through which many of these same Christians are excitedly observing this incredible return.

For even as they recognise that the Jews have been hounded and afflicted in every land in which they sought refuge down the centuries, millions of these Christians believe that they are being returned to their ancient homeland only to face more of God's anger and judgement.

But the Bible is quite clear on the matter: The dispersion from the land was a curse, restoration to the land is a blessing.

What does the Bible promise regathered Israel?

In Psalm 80 the :Shepherd of Israel" is beseeched to cause His face to shine on the scattered people of Israel (not to pour out His wrath upon them) "and we shall be saved!"

In Psalm 102:13: In the context of the regathering, the prophet writes: "You will arise and have mercy on Zion; for the time to favour her, yes, the set time, has come."

In Jeremiah 30:10, Ezekiel 34:28, Micah 4:4 and Zephaniah 3:13, God promises the regathered Israel that "they shall dwell safely, and no one shall make them afraid."

In Jeremiah 31:10, God promises to gather Israel "and keep him as a shepherd does his flock."

In Isaiah 41:8-16, God tells regathered Israel "fear not", and "be not dismayed". He promises that His "righteous right hand" (not Israel's righteousness) will

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - The parable of the Fig Tree)

uphold Israel, and that those who strive and war with Israel shall perish and be as nothing.

In Ezekiel 20:41, God says: "I will accept and gather you out of the countries where you have been scattered."

In Zephaniah 3:15, God promised that He will take away Israel's judgements, cast out her enemy, and that she "shall see disaster no more."

And in Deuteronomy 30:9, Jeremiah 42:41, Isaiah 62:5 and Zephaniah 3:17, God promises that as He returns Israel and plants her in her land. He will rejoice over her with gladness and with singing.

This physical regathering of Israel is not in readiness for another Holocaust, as some so glibly say. It is in readiness for the restoration of the nation to their God. We read in Zechariah the following prophecy: **And I will pour on the house of David and on the inhabitants of Jerusalem the Spirit of grace and supplication; then they will look on Me whom they have pierced ….. Zechariah 12:10.** They refers to Jesus (Yeshuah) their Messiah.

"For I will take you from among the nations, gather you out of all countries, and bring you into your own land. Then I will sprinkle clean water on you, and you shall be clean, I will cleanse you from all your filthiness and from all your idols. I will give you a new heart and put a new spirit within you; I will take the heart of stone out of your flesh and give you a heart of flesh." (Ezekiel 36:24-26)

"And I will not hide My face from then anymore; for I shall have poured out My Spirit on the house of Israel," says the Lord GOD. (Ezekiel 39:29)

As we read in 2 Samuel 7:23, this is a restoration that only Israel, as a nation, is destined for.

Imagine: If the physical restoration of the Jews has caused such a mighty stirring among the peoples of the world, what will their spiritual restoration not do?

Then the nations will truly no longer say, **"Where is their God"** (Psalm 79:10; Psalm 115:2; Joel 2:17) Looking upon Israel they will say: ***There* is their God. *"The nations shall know that I am the LORD," says the Lord GOD, "when I am hallowed in you before their eyes. For I will take you from among the nations, gather you out of all countries, and bring you into your own land. "Then I will sprinkle clean water on you, and you shall be clean."* (Ezekiel 36:23-25)**

The wonderful truth of the fulfilment of Biblical prophecy taking place among the Jews and the nation of Israel today is an assurance to the Body of Christ, the Church of the Lord Jesus, that His return is imminent. This is why it is of such importance to us as believers in the Messiah, Jesus, who Himself spoke these words to His Jewish people: **For I say to you, you shall see Me no more till you say, Blessed is He who comes in the Name of the Lord. Matthew 21:9.**

Read our book: Israel and Ishmael. □

uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes in Jesus Christus,

Ons lees in **Matt. 25:31, 34, 35 en 36: En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.**

Dit is duidelik uit hierdie woorde van Jesus dat Hy diep besorg is oor diè wat in desperate nood is, en Vader God verwag van ons, Sy kinders om dieselfde medelye te hê wat Jesus het. Dit is so maklik vir ons om ons onbetrokkenheid met ander, wat hulself in onbenydenswaardige posisies bevind, te regverdig. Ons is so vinnig om die foute en mislukkings van ander te oordeel sonder enige kennis van die oorsake en omstandighede wat hulle in die situasies, waarin hulle hul bevind, laat beland het. Jesus verwag nie van ons om 'n behoefte in 'n koue en berekende manier te ontleed nie, maar om die stem van die Heilige Gees wat met ons harte spreek te hoor en ons daaraan herinner dat dit ek of jy of ons kind of ons kleinkind in 'n soortgelyke posisie kon wees. Baie van ons het nog nooit **werklike** honger, koue of eensaamheid geken nie en daarom is dit vir ons moeilik om met diè wat op die manier ly empatie te hê. Ek vind dat wanneer ek kan, ek rylopers oplaai, en dit is grootliks gemotiveer deur die feit dat ek ondervind het hoe dit is om te ryloop, want as 'n skoolseun in die koshuis, moes ek dikwels lang afstande loop. Ek ken die vreugde wanneer 'n voertuig stop wanneer die son wil ondergaan, en die onsekerheid om opgelaai te word met skemer is 'n werklikheid (Ek praat natuurlik van die 1940's). Dit is slegs wanneer ons groot behoefte in sekere arias van ons eie lewens ondervind het, dat ons by magte is om met ander in 'n soortgelyke posisie te kan identifiseer, en op die meegevoel wat ons vir hulle voel kan optree. Jesus het saam met die

(Vervolg op Bl. 7)

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Uit Dr James)
behoeftiges gely, en het groot meegevoel met hulle gehad.

Die Here het aan ons 'n wonderlike tronk bediening gegee, en ons was by magte (deur Sy genade en deurdat Hy deure open), om die lewens van honderde prisoniers in tronke reg oor die land en Namibië aan te raak met die Woord van God, briewe van aanmoediging, boeke, CD's, Bybels ens. Ons ontvang daagliks briewe van prisoniers wat getuig dat hulle Jesus as Here en Verlosser aangeneem het terwyl hulle in die tronk was, en ons Hemelse Vader dank vir die waarheid van die Reddende genade van ons Here Jesus Christus, wat na hulle gekom het en hul lewens verander het. Danksy julle getroue ondersteuning kan ons vir hulle gratis literatuur stuur om hulle te help in hul geestelike groei, en baie van hulle begin selfs Bybelstudie groepe binne in hulle tronk. Ek onthou so 'n groep wat hulself "Skollies vir Jesus" genoem het. Hulle was 'n vurige groep gelowiges. Ons word altyd geseën om hulle briewe uit die tronk te ontvang en wil 'n paar van hulle met julle deel, om julle 'n idee te gee van wat dit vir hulle beteken om Christelike materiaal, wat hul lewens verander, te ontvang!

"Groete weereens aan julle in die majestueuse naam van my Here en persoonlike Verlosser Christus Jesus. Ek bid dat hierdie brief julle steeds wandelende in die guns van God sal vind. Hiermee erken ek die ontvangs van die pakkie wat julle aan my gestuur het. Ek wil graag my eindelose dankbaarheid betuig aan God die Vader van ons Here Jesus Christus dat Hy my hart aangeraak het. Ek het nie woorde om julle te bedank vir wat julle aan my gestuur het nie, wat meer was as wat ek voor gevra het. Mag God nie net in julle behoeftes voorsien nie, maar aan almal wat die Sentrum ondersteun volgens Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus. Mag julle in elke aria van julle lewens geseën word. Ek gaan verseker die materiaal wat julle aan my (en ander) gestuur het gebruik om te groei en meer te weet oor die wil en lewe van Christus. Weereens dankie. Julle s'n in Christus ".

B M Dlamini, Prisonier

"My nederige groete aan u in die magtige naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus. Ek is baie dankbaar om hierdie brief aan u te skryf en wil bevestig dat ek al die nuusbriewe, boeke en CD's ontvang het wat julle aan my gestuur het. Ek dank die Here dat Hy dit vir u moontlik gemaak het om my met die wonderlike Christelike materiaal te voorsien wat Sy Woord na al die hoeke van die wêreld versprei. Ek wil graag aan u getuig dat u boeke my so baie help aangaande my geestelike volwassenheid en ook om die oë van die wat verlore is te open. Hulle oë gaan oop vir die waarheid en hulle glo in die enigste Ware God deur Jesus Christus, en ek dank die Here daarvoor. U weet Dok. ek vertrou in alles wat jy aan my gee deur die krag van die gees van onderskeiding, en dat alles wat ek van u ontvang goed en volmaak is. Ek begeer om iemand te wees wat in 'n kerk sal bedien en vir die siekes bid, die verlorenes na Christus te bring. Deur my bestudering van die Woord sal ek die waarheid ken en egte leerstelling op die Woord van God alleen gebaseer. Wanneer ek vrygelaat word sal ek aangaan om die Evangelie aan die verlorenes te versprei en die wat mislei word deur vals leraars en vals profete te bestraf. Dra my groete oor aan suster Meg en almal by die Sentrum. Mag Almagtige God altyd met julle wees. U dienswillige

Mnr Edwin Motumi, Fichardt Park

Baie dankie vir julle gebede! "Prys koning Jesus saam met my. Hy is waardig om geloof te word. Hy hou Sy beloftes gestand en oortref selfs al ons verwagtinge. Ek kan nie ophou dink aan SY trou en goedheid nie. Ons het Hom vertrou in my appelsaak. Ek het almal gevra om saam met my te bid en te glo dat Hy sal onderneem om my vonnis met die helfte te verminder. Die 16de Maart was my pa en dogter (17 jaar) in die hof besig om te bid toe die regters in stap. Die een regter het na hulle gekyk en gesê: "This is going to be a glorious day, Praise God!" (Uit my hele lewensverhaal eien ek nou so baie wonderwerke, uit my tronkstraf het ek bevry geraak van my geestelike en emosionele gevangenis!) Die Here doen REGTIG alles wat Hy belowe! Die regter het my vonnis verminder met selfs meer as die helfte! Van die 15 jaar het hy 10 jaar afgehaal en moet ek net 2½ doen. Is God nie fantasties nie? Ek het reeds 13 maande gedoen en moet nog 17 maande doen. Ek is Hom so dankbaar! Ek weet vandag dat God vir ons regtig wil gee wat ons vra, maar dat ons eers saam met Hom moet werk. Hy wil eers ons verander, voor Hy ons omstandighede verander. Ons is vir Hom die belangrikste! Baie dankie vir al julle wonderlike gebede vir my en saam met my! God is groot."
Liefde

Annalize, Kroonstad

Ek wens ons het die spasie gehad om al die pragtige getuienisse en briewe van dank, wat ons van die dissipels in die tronk ontvang, te publiseer omdat ons weet dat julle harte geroer sou word en julle geseën sou word soos ons is. Ons wil egter julle almal bedank wat dit vir ons moontlik maak om na hulle in die tronk uit te ryk, deur jul gebede en finansiële ondersteuning.

Eendag sal julle ook hoor dat Jesus vir julle sê: **"Ek was in die tronk en julle het na my gekom."**

Lees ons boek Is Jy Gereed? – Are You Ready?

Baie, baie dankie vir julle liefde, gebede en waardevolle ondersteuning van die Evangelie van ons Here Jesus Christus.

Wees verseker van ons liefde, gebede en innige waardering.

Baie liefde groete

Dr James



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Dit is vir my 'n baie grote voorreg om aan u te skryf. Dokter, ek het in die verlede aand aan u geskryf in verband met my oudste dogter Yvonne, oor wat die dokter bewaar het dat hy vermoed kanker, maar na haar tweede ondersoek was daar geen teken na u en ons almal gebid en die Here vertrou het vir 'n bo-natuurlike aanraking en genesing, en ons prys Sy wonderlike Naam!

Mnr W Reed, Despatch (4/02/2011)

Liewe Dr James en familie, ek wil net weer vir julle dankie sê vir die kosbare briewe wat ek al die afgelope 31 jaar van julle ontvang, dit was in 1979 toe ek dit begin kry het. Wat 'n voorreg en ek het so baie geleer, en my geeestelike lewe is so veryk daar deur. Baie dankie!! Ek is nou 90 jaar oud en ek geniet goeie gesondheid, ek sê altyd ek hoef nie siek te wees nie, want deur Jesus se wonde is ek genees. Ek het geen rumatiek nie, kry nooit hoofpyne nie, al die eer kom Jesus toe! Baie dankie die Here seën julle.

Tannie Petro Booyens, Bela Bela (9/3/2011)

Wees gegroet in die Naam bo alle name – Jeshua Hamashiach! Weereens 'n groot dankie vir al die leestof wat ek verslind, onderstreep en weer en weer lees. Eerstens wil ek julle mensies dank vir voorsbidding vir Christine Smith wat kanker gehad het, sy is "out of remission". Sy lyk regtig goed! Ook Wayne Cronck is genees. Ek kan net sê "God is great and His greatness is unsearchable. Prys Sy Naam!! Ons gee Hom alleen die Eer!

Mrs F Gardner, Willowmore (14/3/2011)

So twee maande gelede het ek 'n kopbesering opgedoen as gevolg van 'n val op 'n natvloer. My gesig was blou aan eenkant van my gesig. A.g.v skok het my bloeddruk geval, het in flou hartklop gehad, vreeslike hoofpyne, my senuwee toestand was swak en het paniek en my liggaam in spasma gegaan. Ek het u geskakel en Mev van Zyl het my so bemoedi, baie dankie vir al u liefde en gebede. Die brein scan se uitslag vandag, daar is geen breinbloeding. Ek het geen hoofpyn, en die EKG sê die dokter dat hy is tevrede met my hart en dat my bloeddruk normaal is. Die paniek en senuwee spasma het soos mis voor die son verdwyn. Ek kan nie ophou om Hom te loof en prys. Prys die Here, deur Sy wonde is ek genees. Watter wonderlike God dien ons nie. Seënwense en groete in Christus Jesus ons Here. Liefde groete.

Mev M Niemand, Bloemfontein (11 March 2011)

Ek het intussen 'n paar keer geskakel vir gebed en die meeste mense vir wie u ingetree het, het wonderbaarlik hulp ontvang. Ek sê duisend dankies vir onder andere, Jannie Venter wat kanker van die ingewande het, vir wie die mediese dokters gesê het sy het net 3 maande om te gaan, en dis nou al sowat 8 maande later en aan die gang. Francoise Strydom (bloedkanker) vir wie gesê was; hy sal binne 3 ure sterf, wel is na 8 maande springlewendig. Ons loof en prys ons Hemelse Vader!! Tonne Baie dankies vir u liefde en aanmoediging.

Mev R. Pretorius, Uitenhage

Hoe heerlik om te kon getuig van God se goedheid oor ons en Sy Naam groot te maak. Ons dogter was reeds 8 jaar getroud en nog geen kindertjies nie. Ek het aan u geskryf en deur 'n wonderwerk het ek in geloof reeds my kleinkinders gesien. Op die 8ste Februarie 2011, is die tweelingseuntjies gebore. Ons ontvang hulle as 'n gawe uit 'n getroue God se hand en weet daar is 'n roeping op hulle lewetjies. Baie dankie vir julle gebede wat saam met ons s`n so 'n wonderwerk kon mee bring. Alle eer aan God deur Jesus. Mag God julle werk ryklik seën en julle ook seën met voorspoed en gesondheid.

Mev S van Zyl, Secunda

My hart loop oor van blydskap en dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader vir wat hy vir ons gedoen het. Ons staan verstom voor Sy Grote Almag. Hy alleen is GOD! Ek het gevra dat u sal bid vir my seun met 'n dwelmprobleem. Vir jare was hy maer en lusteloos met geen belangstelling in die lewe nie. Die Here het hom volkome verlos! Sy hele liggaamshouding het verander, sy gesig en oë is helder en 'n mens kan die vrede van die Here aanvoel in sy teenwoordigheid. Hy het ook gewig opgetel en sy liggaam is gesond. Hy is honger vir die Woord van die Here en ek het ook van u leesstof vir hom gegee. Baie dankie vir die onderrig wat ons kry in Die Woord deur hierdie leesstof wat u versprei. Ons bid dat die Here u werk ryklik sal seën en ook u persoonlike lewens. Groete uit 'n baie dankbare hart.

S. van Staden, Witbank

Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.